STAP EN TOER

AKTIWITEIT 01: GROEPDINAMIESE PROSES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om groepsgees te ontwikkel.

STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers mekaar leer ken.
b) Dat die kursusgange6s die doelwitte van die kursus begryp.
c) Dat die kursusganger positief gemotiveer is.

AKTIWITEIT 02: INSKRYWINGSVORM

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te laat besef wat die belangrikheid van 'n inskrywingsvorm is.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger 'n inskrywingsvorm, kan ontwerp wat ten minste die volgende aspekte dek: kennis en ervaring van die bepaalde, fisiese vermoë en mediese probleme.
b) Dat die kursusganger besef dat dit belangrik is dat die toerleier die toergroep ken voordat daar getoer word.

AKTIWITEIT 03: TOERDOELWITTE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te laat besef dat toere 'n sinville Voortrekker kan wees en ook met 'n doel aangepak moet word.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger 'n doel of doelwitte vir 'n toer kan formuleer
b) Dat die kursusganger besef dat 'n toer 'n verreykende ervaring kan wees!

AKTIWITEIT 04: TOERKOMITEE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van die kenmerke van 'n toerleier en lede van die toerkomitee.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger bewus sal wees van noodsaaklike kenmerke en vaardighede van die suksesvolle toerleier.
b) Dat die kursusganger die waarde van 'n toerkomitee en elkeen se taak sal besef.
c) Dat die kursusganger kennis neem van take wat aan toerlede gedelegeer word.

AKTIWITEIT 05: ROETEBEPLANNING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te wys dat beskikbare inligtingsbronne by die beplanning van 'n toer gebruik moet word.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger kennis dra van beskikbare bronne soos ? , kaarte, foto's, ens.
b) Dat die kursusganger met die inligting 'n bepaalde toer kan beplan en 'n roete te kan uitwerk.

AKTIWITEIT 06: TOERBEPLANNING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van die noodsaaklikheid dat die toere in detail beplan moet word.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger kennis neem dat die volgende in ag geneem moet word in die beplanning van 'n toer:

* Waterbronne
* Tipografie en plantegroei
* (Wildernis) beskermende gebied en wandelpaaie
* Verkeer en tyd van die dag; noodplan
* Aflos vervoer/noodvervoer
* Begaanbaarheid en voorgeskrewe roetes

AKTIWITEIT 07: TOESTEMMING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te wys op die noodsaaklikheid van en prosedure hoe om toestemming vir die volg van 'n roete te verkry.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger bewus sal wees dat hy toestemming moet bekom om roetes te gebruik by die betrokke owerheid, instansie of persone
b) Dat die kursusganger sal weet hoe en by wie toestemming verkry moet word

AKTIWITEIT 08: TOERUSTING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te leer dat elke tipe toer spesifieke toerusting vereis wat ook versorg moet word.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger sal weet watter soort toerusting, klerasie en algemene benodigdhede hy vir 'n besondere tipe toer sal benodig.
b) Dat die kursusganger die kennis sal hê hoe om toerusting tydens en na die toer te versorg.
c) Dat die kursusganger gemotiveer word om dit te doen.

AKTIWITEIT 09: PAK VAN 'N RUGSAK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te leer hoe om sy toerusting in 'n rugsak te pak.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger sy toerusting self effektief kan pak.
b) Dat die kursusganger die beginsels verstaan van pak sodat ander onderrig kan word.

AKTIWITEIT 10: VOEDSEL

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te leer om die nodige voedsel reëlings te tref.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger 'n spyskaart kan opstel.
b) Dat die kursusganger die vereiste hoeveelheid voedsel per groep kan uitwerk en kan aankoop.

c) Dat die kursusganger die voedsel kan verpak.
d) Dat die kursusganger ervaring sal opdoen oor die wyse waarop die voedsel onder die toerlede verdeel word.

AKTIWITEIT 11: BEGROTING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger vaardig te maak in die opstel van 'n begroting vir 'n toer.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger kennis neem van alle aspekte van 'n begroting.
b) Dat die kursusganger 'n begroting vir 'n toer kan opstel.

AKTIWITEIT 12: REISREëLINGS

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te leer hoe om die nodige reisreëlings te tref.

STANDAARDE
a) Dat reisreëling na begin en van eindpunt getref kan word.
b) Dat reëling getref word vir die veilige bewaring van voertuie en besittings wat agterbly.

AKTIWITEIT 13: BEKENDSTELLINGSBRIEF

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te leer watter inligting in 'n bekendstellingsbrief van 'n toer opgeneem behoort te word.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger by magte is om 'n bekendstellingsbrief op te stel.

AKTIWITEIT 14: GROEPSGEES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die belangrikheid van die groepsdinamiese proses aan die kursusganger oor te dra.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger die volgende elemente van die groepsdinamiese proses verstaan en prakties kan implimenteer, nl.

- bou van groepsmoraal
- groepsamewerking (groepskohesie) en spanwerk
- gebruik van sang en spel in groepsdinamika
- goeie menseverhoudinge

AKTIWITEIT 15: DISSIPLINE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te wys op die noodsaaklikheid dat dissipline tydens 'n toer gehandhaaf moet word.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger kennis opdoen hoe om 'n toergroep tot gedissiplineerde optrede te kan aanspoor en effektief teen die ongehoorsames te kan optree.

AKTIWITEIT 16: BELANGRIKHEID VAN MAKKERHULP

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van die belangrikheid van makkerhulp (geestelik en fisies) in die beplanning en uitvoering van 'n toer.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger tydens die voorbereiding die toerlede bewus sal maak van hulle verantwoordelihede teenoor mekaar.
b) Dat die kursusganger hipotetiese noodsituasies wat op 'n spesifieke toer kan ontstaan, kan hanteer, nl. hipotermie, ens.
c) Dat die kursusganger die volgende medies probleme tydens 'n toer kan hanteer, nl. verstuiting, blase, seer voete, sonbrand, malaria, bilharsia, hitteuitputting, seer spiere, brandwonde.
d) Dat die kursusganger in staat sal wees om die nodige noodhulptoerusting aan te koop en te verpak.
e) Dat die kursusganger die nodige skuilings kan bou waar nodig.

AKTIWITEIT 17: KAMPVEILIGHEID EN NOODPLAN

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die belangrikheid van kampveiligheid en die daarstel van 'n noodplan te laat besef.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger aspekte van beveilinging vir die toer en kamp besef.
b) Dat die kursisganger 'n noodplan kan uitwerk en toepas vir die toer en kamp.

AKTIWITEIT 18: NATUURE EN ORDE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak dat kennis van die betrokke habitat en ekologie wat op die toerroete van toepassing is, noodsaaklik is en dat hy hom in die verband, vir 'n toer kan voorberei.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger die naslaanwerk in verband met habitat en ekologie kan.
b) Dat die kursusganger kennis sal dra van die naslaanwerk om die besondere klimaatomstandighede na te vors.

AKTIWIEITE 19: GOEIE HIGIëNE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die belangrikheid van goeie higiëne in die veld te laat besef en welke maatreëls getref moet word om dit te bereik.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger higiëniese omstandighede in die veld kan skep en welke maatreëls getref moet word om dit te bereik.

AKTIWITEIT 20: VOORBEREIDING VAN PROGRAM

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te wys op die noodsaaklikheid dat die toerleier 'n algemene program opstel.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger in sy voorbereiding vir 'n toer aandag gee aan die volgende: Bybelstudie, aandprogramme, die benutting van sang en spele, die habitat en die ekologie van die gebied waardeur die roete van 'n toer beweeg, besoeke aan interessante plekke, reëlings met gidse, lesinghouers, ens.
b) Dat die kursusleier 'n aandprogram tydens die staptoer prakties sal aanbied en kursusgangers daarby sal betrek.

AKTIWITEIT 21: OORNAGPUNT

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger te leer om 'n geskikte oornagpunt in die buitelug in te rig.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die nodige kennis opdoen om 'n slaapplek in die buitelug te kies en in te rig.
b) Dat die kursusganger die inrigting van 'n basiskamp kan beplan.

AKTIWITEIT 22: VELDKOOK

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger toe te rus om prakties in die veld te kook.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die uitgewerkte spyskaart kan gebruik en twee (2) geregte prakties in die veld kan voorberei;
b) Dat die kursusganger veiligheidsmaatreëls vir veldkook ken en kan toepas.;
c) Dat die kursustganger verskillende veldkook stofies kan gebruik.

AKTIWITEIT 23: TOUVAARDIGHEID

SPESIFIEKE DOELWIT

Om te verseker dat die kursusganger oor die vaardigheid beskik om bepaalde touwerk te hanteer.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die reddingsknoop suksesvol kan gebruik.

AKTIWITEIT 24: KONTROLE

SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van 'n verskeidenheid belangrike kontroles wat kort voor die toer gedoen moet word ten einde seker te maak dat alle reëlings op die toer glad sal verloop.

STANDAARDE

a) Dat die kursusganger bogenoemde sal besef en oor 'n kontrolelys sal beskik.

AKTIWITEIT 25: ROETES

SPESIFIEKE DOELWIT

Om besonderhede van roetes beskikbaar te stel en inligting oor roetes uit te ruil.

STANDAARDE

a) Dat kursusgangers ingelig word oor verskillende staproetes.
b) Dat kursusgangers moontlike fietsroetes bespreek asook perdetog roetes.

AKTIWITEIT 26: NABETRAGTING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger die noodsaaklikheid en verrykende waarde van nabetragtingsgeleenthede te laat besef.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger 'n nabetragtingsessie ten opsigte van die volgende aspekte kan lei: Roete, waarnemings, omgewing, geestelike verryking, probleme wat ondervind is, toerusting, moontlike aapassings vir 'n volgende toer - is doelwitte bereik? terugvoering van toerlede.

AKTIWITEIT 27: PRAKTIESE OEFENING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om die teorie prakties te beoefen.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger 'n roete volg oor 2 dae met ten minste 4 ure vir elke dag en 1 nag in die veld oornag.

AKTIWITEIT 28: BEPLANNING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om 'n toer op sy eie te beplan.

STANDAARDE
a) Dat die kursusganger 'n toer vir 10 persone beplan waarin alles toegepas is wat in hierdie kursus geleer is.
b) Dat die beplanning die kursusleier tevrede stel.